**Die toring van Babel**

**Gen 11:1-9**

**23 Julie 2023**

1. Vantevore: Noag en Gam se sonde gee aanleiding tot Noag se profesie oor sy seuns: Sem is besonder geseënd. Gam, meer spesifiek, sy jongste seun, Kanaän, word vervloek. Jafet is ook geseën – al moet daar eers ruimte geskep word in die tente van Sem. Dit strook met die res van die Bybel: Sem en Gam se nageslagte woon waar die Ou Testament afspeel, en Jafet waar die Nuwe Testament afspeel – toe die evangelie na die heidennasies geneem is.
2. Derde toledot: Familiegeskiedenis van Noag (Gen 6:9-9:29). Vierde toledot: Familiegeskiedenis van Sem, Gam en Jafet (Gen 10:1-11:9)
3. Bespreking van die geskiedkundige gebeure van die toring van Babel (Gen 11:1-9)
    a. Wanneer vind dit plaas? Moontlik kort na sondvloed, of in die tyd van Peleg (Gen 10:25)
    b. Waar vind dit plaas? Sinar, Mesopotamië, Eufraatvlakte (v2, vgl Gen 10:10)
    c. Gebruik tegnologie vir kleistene en messelwerk (v3, vgl Gen 4:21-22, 9:20)
    d. Wil stad met hoë toring bou (v4, vgl Gen 4:17)
    e. Doel: (1) Naam maak – self God wees (vgl Gen 8:21) (2) Voorkom dat hulle oor aarde versprei (vgl Gen 9:1)
    f. Here daal neer en oordeel – sal broeiplek word vir boosheid (v5-6)
    g. Uitspraak van die Here: verwar hulle taal en versprei hulle oor aarde (v7-8)
    h. "Babel" = verwar, "Babili" = hek van God/gode (v9)
4. Die implikasies van die toring van Babel in die verdere openbaringsgeskiedenis in die Bybel
    a. Taalverwarring by Babel is bewaringsmeganisme van die Here teen toename in boosheid (vgl Gen 9:1-7)
    b. Taalverwarring by Babel skep agtergrond om Sy verlossingsplan te demonstreer en implementeer
        - Gebruik sommige nasies om verlossingsplan in OT te demonstreer
        - Na realisering van die plan, oorbrug die Here die taalverwarring op pinksterdag (Hand 2:4)
    c. Babel word die simbool van die goddelose, nageslag van die duiwel/Kain (Jes 47, Op 17:1-6, 18:1-2)
        - Babel: Toring van sonde vanaf die aarde tot die hemel (Op 18:5)
        - Hemelse Jerusalem
            - Daal uit die hemel neer (Op 21:10)
            - Hier kom die nasies wel bymekaar (Op 21:24-27)
5. Praktiese implikasies vir ons wat op pad is na die hemelse Jerusalem
    a. Daar sal in die hemelse Jerusalem persone uit alle nasies wees (Op 5:9-10)
        - Lyne van die nageslag van die vrou en die duiwel volg nie dieselfde lyne as die nasies nie
    b. Daar sal verskillende nasies wees tot die einde toe
        - Waak teen pogings om dit ten alle koste op te hef
    c. Waak teen persoonlike torings van Babel wat jou beroof van "thrilling" gesprek met God
        - Voorbeelde: versekering, mediese wetenskap, tegnologiese ontwikkelings, fisiese sekuriteit